**6 Julie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 8:4-17**
**Fokusgedeelte: Handelinge 8:15**

**Gebed bewerk deurbrake vir die evangelie**

Die vervolging van die gelowiges het hulle uitmekaargejaag, maar so ver as wat hulle gegaan het, het hulle die Woord verkondig. So het Filippus Jesus in ’n stad in Samaria verkondig en die mense het met groot aandag na sy prediking geluister en daar was groot blydskap in daardie stad.

Toe die apostels in Jerusalem hoor dat mense in Samaria die Woord van God aanvaar het, het hulle vir Petrus en Johannes daarheen gestuur. “*15 Dié het toe gegaan en vir die mense daar gebid dat hulle die Heilige Gees mag ontvang*, 16 want die Gees het nog nie op een van hulle gekom nie; hulle was net in die Naam van die Here Jesus gedoop. 17 Die apostels het hulle die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang.”

Hierdie was ’n geweldige deurbraak vir die evangelie! Selfs Samaritane kom tot geloof en ontvang die Heilige Gees, *nadat die apostels vir hulle gebid het*. Ook nie-Jode, sogenaamde heidene, kom tot geloof en ontvang die Heilige Gees ná gebed! Sonder gebed sal die Woord nie grense kan oorsteek nie.

Bid saam vir die volgende:

- Dat ons ook die Woord sal verkondig, nou terwyl ons geleentheid het, maar selfs ook wanneer ons deur vervolging uitmekaargejaag word.
- Dat die Woord ook in ons tyd grense sal oorsteek.
- Dat al die mense in ons land die Woord van God sal aanvaar.
- Dat God ons elke dag sal vol maak van sy Heilige Gees.

*Sing: Psalm 96:1, 2 (1936)*

*Ds. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)*